



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2025

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

VRAAG	INHOUD	PUNTE	TYD (minute)
AFDELING A (Kortvrae)			
1	Kortvrae (ALLE onderwerpe)	40	20
AFDELING B (Langvrae)			
2	Die Verbruiker	40	40
3	Voedsel en Voeding	40	40
4	Kleding	20	20
5	Behuising en Interieur	20	20
6	Entrepreneurskap	40	40
TOTAAL:		200	180

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die energiebron wat die mees omgewingsvriendelik is:

- A Wind
- B Steenkool
- C Gas
- D Olie

(1)

1.1.2 Die beste manier om elektrisiteit te bespaar wanneer voedsel gaargemaak word, is om 'n ... te gebruik.

- A elektriese stoof
- B konvensionele oond
- C mikrogolfoond
- D prutpot

(1)

1.1.3 Anele kon nie 'n terugbetaling vir sy nuwe televisie kry wat nie werk nie. Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

- A uitsluitings-/vrystellingsklousule.
- B waarborg.
- C afkoeltydperk.
- D onbillike sakepraktyk.

(1)

1.1.4 'n Verhoging in die repokoers sal mense met ... bevoordeel.

- A winkelrekeninge
- B beleggings
- C kredietkaarte
- D huislenings

(1)

1.1.5 Die heffing wat by die prys van brandstof ingesluit is, word as ... betaal.

- A inflasie
- B krediet
- C rente
- D belasting

(1)



1.1.6 Lucy is met 'n E. coli-infeksie gediagnoseer nadat sy die volgende ingeneem het:

- A Kaas waarop muf gegroei het
- B Gebottelde water
- C Ongepasteuriseerde melk
- D Gaar hoenderrepië


(1)

1.1.7 Bensoësuur word by vrugtesap gevoeg om ...

- A verbruining te inhibeer.
- B te stabiliseer en skeiding te voorkom.
- C die voedingswaarde te verbeter.
- D bakteriële groei te voorkom.

(1)

Bestudeer die prent van 'n slagaar hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.8 wat volg.



[Bron: SMS Hospitals]

1.1.8 Die slagaar hierbo beeld die volgende siekte uit:

- A Hipertensie
- B Osteoporose
- C Aterosklerose
- D Anemie

(1)

1.1.9 'n Kenmerk van geneties gemodifiseerde voedsel is dat dit ...

- A organies gekweek word.
- B 'n hoë opbrengs het.
- C met radiogolwe behandel word.
- D 'n gesonder opsie is.

(1)


1.1.10 'n Nadeel van organiese voedsel is dat ...

- A dit arbeidsintensief is.
- B die opbrengs groter is.
- C dit geen koolstofvoetspoor het nie.
- D dit teen siekte bestand is.

(1)



Bestudeer die prent hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.11 en 1.1.12.



[Bron: Mr Koachman]

1.1.11 Die pak klere hierbo kan 'n voorbeeld van 'n ... wees.

- A modegier
- B kleredragkode
- C informele uitrusting
- D kleredragtema

(1)

1.1.12 Die kleur van die pak klere laat die draer ... vertoon.

- A korter
- B skraler
- C breër
- D langer

(1)

1.1.13 Klassieke mode duur vir ...

- A een seisoen.
- B twee tot drie seisoene.
- C baie jare.
- D somer en winter.

(1)

1.1.14 Identifiseer die organisasie waarvan 'n professionele bouer deel moet wees:

- A Nasionale Huisbouersregistrasieraad
- B Nasionale Huisbouersverbruikersraad
- C Nasionale Register vir Bouersraad vir Behuising
- D Nasionale Reguleerderraad vir Behuising

(1)

1.1.15 Nana spaar geld deur kontant vir huishoudelike toestelle te betaal, omdat dit beteken dat sy ...

- A 'n deposito sal hê.
- B lae rente sal betaal.
- C 'n waarborg sal hê.
- D geen rente sal betaal nie.

(1)



- 1.1.16 'n ... is 'n advertensiemetode wat die geskikste vir 'n kleinskaalse besigheid van die huis af is.
- A Reklamebord
 - B Strooibiljet
 - C Televisie
 - D Nasionale radio
- (1)
- 1.1.17 ... verseker dat produksie nie tot stilstand kom nie.
- A Promosie
 - B Voorraadbeheer
 - C Gehaltebeheer
 - D Spesifikasies
- (1)
- 1.1.18 'n Besigheid wat finansiële uitvoerbaar is, sal ...
- A gereelde wins maak.
 - B 'n verskeidenheid produkte verkoop.
 - C maklik toeganklik wees.
 - D bekostigbare produkte verkoop.
- (1)
- 1.1.19 ... onderskei 'n besigheid van ander soortgelyke besighede.
- A 'n Hoë winsopslag
 - B Waardegebaseerde prysvasstelling
 - C Die betaal van billike lone
 - D Die aanbied van ekstra dienste
- (1)
- 1.1.20 Die funksie van 'n kontantvloei projeksie vir 'n besigheid is om ...
- A te verseker dat daar genoeg fondse is om uitgawes te betaal.
 - B swak voorraadbeheer in die besigheid te voorkom.
 - C gehaltebeheer te handhaaf indien genoeg fondse beskikbaar is.
 - D volhoubare produksie van gehalteprodukte te verseker.
- (1)
- 1.2 Noem die korrekte tipe bymiddel vir ELK van die volgende funksies. Skryf slegs die tipe bymiddel langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.2.1 Voorkom verbruining en galsterigheid van voedsel
- 1.2.2 Handhaaf 'n eenvormige verspreiding van twee of meer onvermengbare stowwe
- 1.2.3 Verleng die raklewe van voedsel
- 1.2.4 Verbeter die voorkoms van voedsel
- (4 x 1) (4)



1.3 Kies DRIE gevolge van handelsmerkrowery/handelsmerkplagiaat uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–F) langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- A Die oorspronklike vervaardigers verloor geld.
- B Dit is voordelig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.
- C Die beeld en reputasie van die handelsmerk word geskaad.
- D Verhoogde verkope van die oorspronklike handelsmerk.
- E Verbruikers kan vertroue in die handelsmerke verloor.
- F Die verkoopprijs van die oorspronklike handelsmerke sal styg.

(3)

1.4 Pas die voorbeelde in KOLOM B by die term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 H.

KOLOM A TERM	KOLOM B VOORBEELD
1.4.1 Multivlakbemarking (MVB)/ Stapelvlakskema	A kontrakbreuk deur nie die bepalings en voorwaardes na te kom nie
1.4.2 Grysgoedere	B groep vriende het saam geld gespaar om in Januarie skooluniforms te koop
1.4.3 Uitsluitingsklousule/ Vrystellingsklousule	C die vervaardiger het nie die verkoop van hulle produkte in 'n land gemagtig nie
1.4.4 Stokvel	D Nomsa het die meeste produkte verkoop en het hoër in die besigheid opbeweeg
1.4.5 Kontrak	E verkoops persoon is nie aanspreeklik vir die meganiese foute van 'n nuwe motor wat verkoop is nie
	F Peter het 'n ooreenkoms onderteken toe hy 'n nuwe selfoon gekoop het
	G die kleinhandelaar het geweier om 'n skootrekenaar om te ruil wat deur die verbruiker beskadig is net nadat dit gekoop is

(5 x 1) (5)



- 1.5 Elizabeth verkoop tuisgemaakte produkte en sy is bekommerd oor die gehalte daarvan. Kies VIER stadiums wanneer sy gehaltebeheer moet uitoefen. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- A Gedurende die produksie van die produkte
- B Gedurende instandhouding van toerusting
- C Keuse van grondstowwe
- D Keuse van 'n produk om te verkoop
- E Wanneer die produkte afgelewer word
- F Wanneer produkspesifikasies toegepas word
- G Wanneer die produkte bemark word
- H Ná die produksie van die produkte (4)

- 1.6 Gee die korrekte term vir ELK van die volgende maandelikse behuisingsfooie. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.6.1 Deur huiseienaars aan die huiseienaarsvereniging betaal
- 1.6.2 Deur huurders aan die verhuurder betaal
- 1.6.3 Deur huiseienaars betaal om enige skade aan hulle eiendom te dek
- 1.6.4 Deur huiseienaars aan die munisipaliteit betaal (4 x 1) (4)

TOTAAL AFDELING A: 40



AFDELING B: LANGVRAE**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

- 2.1 Definieer die volgende terme:
- 2.1.1 Verbruikersprysindeks (VPI) (2)
 - 2.1.2 Lopende betaalstelsel (LBS) (2)
- 2.2 Noem die liggaam wat vir die vasstelling van die repokoers verantwoordelik is. (1)
- 2.3 Maak 'n lys van DRIE basiese dienste wat deur munisipaliteite voorsien word. (3)
- 2.4 Noem TWEE tipes kredietkontrakte waar goedere en dienste aangekoop word en later daarvoor betaal word. (2)
- 2.5 Noem TWEE maniere om die verbruik van elektrisiteit te verminder wanneer klere drooggemaak word. (2)
- 2.6 Verduidelik waarom saamgestelde rente vir beleggings/spaargeld voordelig is. (2)
- 2.7 Verduidelik waarom dit vir 'n verbruiker voordelig is om 'n produk te koop wat 'n waarborg/garansie het. (4)
- 2.8 Lees die SMS hieronder wat Alex ontvang het en beantwoord die vrae wat volg.

Geluk Alex! Jy het die Groot Prys van \$1 000 000 in ons Internasionale Loterytrekking gewen. Om jou prys te es, antwoord 'EIS' en verskaf jou volle naam, adres en klein prosesseringfooi van \$200. Moenie uitmis op hierdie verstommende geleentheid nie!

[Bron: TextMagic]

- 2.8.1 Identifiseer die tipe swendelskema wat in die SMS hierbo verteenwoordig word. (1)
 - 2.8.2 Verduidelik waarom die SMS hierbo as 'n swendelskema beskou word. (4)
- 2.9 Onderskei tussen die *inflasiekoers* en die *rentekoers*. (4)



2.10 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Pryse van goedere en dienste hou aan om drasties te styg.

[Bron: Eie teks]

Verduidelik die oorsake van die aanhoudende styging van pryse.

(5)

2.11 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Rommelpakke wat sorgeloos in die gemeenskap weggegooi word, veroorsaak ernstige probleme.

[Aangepas uit www.citizen.co.za]

Gemeenskappe en munisipaliteite het beide 'n verantwoordelikheid om die probleem te beveg.

Regverdig die stelling hierbo.

(8)
[40]




VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

- 3.1 Definieer die volgende terme:
- 3.1.1 Cholesterol (3)
 - 3.1.2 Voedselsekerheid (3)
 - 3.1.3 Organiese voedsel (2)
- 3.2 Maak 'n lys van die inligting wat op 'n voedsletiket gevind word, wat met die voorkoming van voedselvergiftiging kan help. (3)
- 3.3 Skryf 'n paragraaf om die verskil tussen *hoëdigtheid-lipoproteïen(HDL)*- en *laedigtheid-lipoproteïen(LDL)*-cholesterol te bespreek. (6)
- 3.4 Bespreek hoe hepatitis A in die voedselomgewing oorgedra kan word. (3)
- 3.5 Verduidelik die voordele van die bestraling van vrugte en groente. (4)
- 3.6 Verduidelik hoe anemie deur vegetariërs voorkom en bestuur kan word. (6)
- 3.7 Bespreek die effek wat 'n dieet ryk aan vrugte, groente en vis op die voorkoming en bestuur van hipertensie en koronêre hartsiekte kan hê. (10)
- [40]**



VRAAG 4: KLEDING

- 4.1 Noem TWEE faktore wat modeverandering beïnvloed. (2)
- 4.2 Verduidelik die term *handelsmerk*. (2)
- 4.3 Noem TWEE onwettige kledingpraktyke. (2)
- 4.4 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Eie teks]

- 4.4.1 Identifiseer die tipe mode wat deur die grafiek verteenwoordig word. (1)
- 4.4.2 Noem die stadium in die modesiklus wat deur die volgende maande verteenwoordig word:
- (a) Desember (1)
 - (b) Februarie (1)
- 4.4.3 Verduidelik wat met die koste van kledingstukke in die volgende maande gebeur:
- (a) Februarie (1)
 - (b) Maart (1)



- 4.5 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



[Bron: [Bash.com](https://www.bash.com)]

Bespreek die veelsydigheid van die skoene.

(4)

- 4.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Vinnige mode is goedkoop klere wat vinnig deur massamark-kleinhandelaars in reaksie op die nuutste neigings geproduseer word.

Vinnige mode was in 2023 die grootste besoedelaar van die omgewing. Dit was oral; dit het die wêreld deurkruis met vliegtuie wat pakkies met ultra-goedkoop klere vanaf duisende verskaffers afgelewer het.

[Aangepas uit [twyg magazine](#)]

Analiseer die langtermyn-effekte wat vinnige mode ('fast fashion') op die natuurlike omgewing sal hê.

(5)
[20]



VRAAG 5: BEHUIISING EN INTERIEUR

- 5.1 Noem die huiseienaaropsie wat deur 'n huiseienaarsvereniging/korporatiewe liggaam bestuur word. (1)
- 5.2 Beskryf kortliks wat die *huiseienaarsvereniging/korporatiewe liggaam* is. (1)
- 5.3 Noem DRIE nadele van die aankoop van huishoudelike toestelle op krediet. (3)
- 5.4 Maak 'n lys van die inligting wat by 'n huurooreenkoms ingesluit moet word om beide die huurder en die verhuurder te beskerm. (3)
- 5.5 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

	Swart metaal-sy-aan-sy-yskas/vrieskas • Regop yskas/vrieskas • Aluminium-interieur • Energiebron: VP-gas en -elektrisiteit • Outomatiese gas- en elektrisiteitskabeling • Sluit 'n reguleerder en pyp in om aan die gastoevoer te koppel • Deurskynende glasvenster aan voorkant • Kouewaterhouer [Aangepas uit russells.co.za]
--	--

- 5.5.1 Verduidelik die voordele van die energiebronne van die yskas/vrieskas. (4)
- 5.5.2 Bespreek hoe die yskas/vrieskas menslike energie en tyd bespaar. (3)
- 5.6 Bestudeer die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

VERHUURDERS IN NOOD Meer as 150 verhuurders wat studente-akkommodasie verskaf, is in 2024 nie deur die regering betaal nie. [Aangepas uit bushnews.co.za]
--

Evalueer die negatiewe finansiële impak wat die nie-betaling van die akkommodasie op die verhuurders sal hê.

(5)
[20]



VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

- 6.1 Noem die doel van die nakoming van produkspesifikasies. (2)
- 6.2 Verduidelik die volgende terme:
- 6.2.1 Winsopslag (3)
- 6.2.2 Beste-verkope-scenario (2)
- 6.3 Noem hoe 'n besigheid sy tyd doeltreffend kan gebruik. (2)
- 6.4 Beskryf VIER kenmerke van volhoubare produsente. (4)
- 6.5 Verduidelik hoe die opleiding van personeel produktiwiteit in 'n besigheid verbeter. (3)
- 6.6 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

EXPRESSO CAFÉ

In 2016 het 'n man-en-vrou-span Espresso Café bekend gestel. Dit is 'n wegneem-koffiewinkelgroep met 'n eenvoudige konsep waar elke item op die spyskaart dieselfde kos. In 2016 was die prys R10 en dit was op koffie, pasteie, gebak en toebroodjies van toepassing. In 2021 het die prys na R14,00 gestyg, wat steeds aansienlik goedkoper as die meeste koffiewinkelgroepe was.

Hulle het met die idee van Espresso vorendag gekom terwyl hulle by 'n koffiewinkel gesit en gedink het oor hoe duur 'n koppie koffie is. Hulle het geen vorige ervaring in die voedselbedryf gehad nie, maar het twee jaar aan die verfyning van hulle besigheidsmodel bestee. Hulle eerste winkel is in Kaapstad geopen. Die nuus oor die R10,00-koffie is vinnig deur verskillende klante aan hulle vriende versprei. Hulle het die prys op sosiale media gedeel wat daartoe gelei het dat die maatskappy op radio en televisie verskyn het.

Hulle het teen die einde van hulle eerste jaar tot vyf winkels uitgebrei. Soos wat die besigheid gegroei het, wou individue hulle eie Espresso-winkels oopmaak. Hulle het besluit om franchises bekend te stel (magtiging deur die maatskappy om individue of groepe in staat te stel om gespesifiseerde kommersiële aktiwiteite uit te voer). Espresso het tot meer as 65 winkels regoor Suid-Afrika uitgebrei en verkoop meer as 50 000 koppies koffie per dag. Hulle het nou 'n voedselfabriek oopgemaak om voorraad aan hulle winkels te verskaf, omdat bestellings by verskillende diensverskaffers tot inkonsekwentheid in hulle produkte gelei het.

[Aangepas uit howwemadeitinafrica.com]

- 6.6.1 Verduidelik hoe die paartjie 'n potensieel winsgewende besigheidsgeleentheid geïdentifiseer het. (2)
- 6.6.2 Identifiseer die teikenmark van Espresso Café. (2)



- 6.6.3 Beskryf hoe Espresso Café bemark is. (3)
- 6.6.4 Bespreek waarom dit vir hulle belangrik was om twee jaar aan die verfyning van hulle model te bestee. (3)
- 6.6.5 Die verkoopprijs van R14,00 per koppie koffie het 30% wins ingesluit. Bereken die wins wat gemaak word indien 100 koppies verkoop sou word. Toon ALLE berekeninge. (3)
- 6.6.6

Weens die styging in inflasie moet hulle die verkoopprijs van R14,00 met 45% verhoog.

Bereken die nuwe verkoopprijs. Toon ALLE berekeninge. (3)
- 6.6.7 Hulle besigheid is definitief in staat om hulle winsgewendheid vol te hou.
Regverdig die stelling hierbo. (8)
- TOTAAL AFDELING B: 160**
GROOTTOTAAL: 200

